

Maandag

Heb. 9: 26, 10: 1 – 4; 9, 10 – 15, 18, 12: 5 – 13. Teks Heb. 10:10. Tema: "Christus neem alle straf en offers vir ons sonde weg sodat ons kan wees en doen waarvoor Hy ons gemaak het." Daar is 'n groot verskil tussen die Here se straf en die tugtiging van die Here! Ons kan dit met 'n voorbeeld toelig. Wat doen 'n mens met iemand wat jou ruite moedswillig uitgooi, jou bakkie steel en afskryf en op jou plaas nalatig vuur maak om vleis te braai en jou plaas afbrand? Wanneer so 'n oortreder gevang word, sal dit hom help as hy sê hy is baie jammer, hy beloof om dit nooit weer te doen nie, hy sal vergoed deur vir jou 'n gehoorsame en liefdevolle werker te word? Dit kan glad nie só werk nie! So 'n persoon word polisie toe gevat, verhoor, skuldig bevind en gevonnissen met 'n boete of tronkstraf. Hy moet sy verdiende straf kry. Die boete en tronkstraf is die offer vir sy oortreding. Dit is hoe die wet werk wanneer dit reg werk! En sê nou daardie persoon wat die ruit stukkend gegooi het, die bakkie gesteel en gerol het en die plaas met 'n braaivleis met vriende in die veld afgebrand het, is die pa se seun of dogter, wat dan? Sal enige ouer só 'n kind polisie toe vat om 'n boete of tronkstraf te kry, en dan 'n kriminele rekord kry? Dit sal nooit gebeur nie. Ouers straf nie hul kinders volgens kriminele wetgewing nie! Hulle sorg vir alles moontlik dat hul nie krimineel vervolgt word nie, al is die bakkie afgeskryf en die plaas afgebrand! Want 'n ouer kan nooit van hul eie kinders volgens die wet kriminele met kriminele rekords maak nie. Hulle sal hul kinders inperk, voorregte van hul weerhou en hul planne dwarsboom, maar nooit oorgee aan tronkstraf of 'n kriminele boete nie. Hul sal hul nooit volgens die wet straf nie, maar tug om hul doel in die lewe te kan bereik. Net so: God straf nooit een van sy kinders vir enige sonde volgens die wet nie, maar tug hulle sodat hulle vir en met Hom as God kan leef, in en deur Christus. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Heb. 9: 26, 10: 1 – 4; 9, 10 – 15, 18, 12: 5 – 13. Teks Heb. 10:10. Tema: "Christus neem alle straf en offers vir ons sonde weg sodat ons kan wees en doen waarvoor Hy ons gemaak het." Wat doen die Here met die sondes waarmee ons sy wet oortree? Met sy verskyning, eens en vir altyd, (9: 26) het Christus gelowiges deur die een offer van sy liggaam ons vir altyd heilig gemaak en vervolmaak (10: 10, 18) sodat ons geen offer ooit weer vir enige sonde vir God hoef te bring nie. (10:18) Hierdie evangelie hoor meeste mense nie meer nie, omdat predikante die Woord van God verkeerd preek! Hebreërs is duidelik: Christus bring die enigste offer vir ALLE sondes wat ons ÓÓIT sal doen vir een keer! Wat is 'n offer? Dit is die betaling en vergoeding van sonde! Wat doen die hof met daardie persoon wat 'n ruit uitgooi, die bakkie steel en afskryf en die plaas afbrand? Hy word gearresteer, verhoor, skuldig bevind, veroordeel en gevonnissen – en sy lewe in die tronk is sy offer! 'n Offer is altyd die straf op 'n oortreding! Hoe is 'n offer straf? Offer beteken jy gee jou lewe nou weg as betaling en vergoeding vir jou oortreding, jy mag niks meer met jou lewe doen nie, jy mag nie meer jou lewe leef en iets van jouself maak nie. Jy moet net sit en nikswees en so jou lewe niks maak nie! Dit is die straf en offer vir oortredings! Om 'n lewe te leef wat niks is nie is om niks werd te wees, jy doen niks met jou lewe

nie, jy bereik niks met jou lewe nie. Dit is die betaling of offer wat jy moet bring omdat jy ander se lewe niks werd gemaak het. Christus vat elke moontlike straf wat ons moet kry vir elke sonde wat ons vir ons hele lewe lank gaan doen – eens en vir altyd weg! Eens en vir altyd beteken dat God ons nooit weer een keer vir enige sonde ooit sal straf nie, nie eers een keer nie. Alle straf vir ons sondes is vir altyd weg! God het Christus se lewe niks vir Homself gemaak sodat dít die offer vir óns kan wees om óns lewe vir God te behou. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Woensdag

Heb. 9: 26, 10: 1 – 4; 9, 10 – 15, 18, 12: 5 – 13. Teks Heb. 10:10. Tema: "Christus neem alle straf en offers vir ons sonde weg sodat ons kan wees en doen waarvoor Hy ons gemaak het." God straf sy gelowiges nooit vir enige sonde en ons bring nooit na Christus se offer weer enige offer vir enige sonde nie. Dit is soos in ons voorbeeld: vir watter oortreding vat 'n ouer hul kind polisieostasie toe om gestraf te word vir wat die kind teen sy/ haar ouers gedoen het? Vir watter ongehoorsaamheid van hul kinders, wil ouers hul kinders deur die wet van die land as kriminele laat behandel? Ouers straf kinders nooit só nie! Ouers wil nóóit dat hul kinders se lewe niks werd word as offer vir hul oortredings nie! Hulle dra die skade in hul self as offer sodat kinders nie offers moet bring vir hul ongehoorsaamheid en oortredings nie, sodat kinders se lewe kosbaar kan bly en hulle hul lewe kosbaar kan leef. Hulle dra die skade van die gerolde bakkie en afgebrande plaas - nie hul kinders nie. Christus se lewe was vir Homself niks werd gemaak deur sy dood vir sondaars, sodat God nooit weer enige sonde van sy kinders ooit weer sal straf met die verdiende straf en offer vir sondes nie. Want die straf en offer op sondes is die ewige dood: nóóit weer iets werds vir God nie! Daarmee vervang die Here alle niks werd offers wat volgens die geestelikes van hierdie wêreld aanhoudend gebring word omdat daardie offers géén straf van sonde kan wegvat nie! (10: 1 – 4), ook nie bekering van sonde kan nooit 'n offer vir sonde wees nie! Bekering van sonde beteken om baie jammer te wees vir jou oortreding, dat jy ophou om dit te doen en dat jy God gehoorsaam en liefhê. Dit is soos vreemde plaaswerkers wat vensters moedswillig stukkend gooi, bakkies doelbewus steel en roekeloos afskryf en plase ongeërg en nalatig afbrand! Met húl jammer, beloftes om dit nooit weer te doen nie en nou gehoorsame en liefdevolle plaaswerkers te word, kan hulle nooit straf en betaling wegvat nie. Bekering het nét waarde as daar geen straf en offer meer is nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvu.co.za Ds. Petrus.

Donderdag

Heb. 9: 26, 10: 1 – 4; 9, 10 – 15, 18, 12: 5 – 13. Teks Heb. 10:10. Tema: "Christus neem alle straf en offers vir ons sonde weg sodat ons kan wees en doen waarvoor Hy ons gemaak het." Die Here straf ons gelowiges nooit weer vir sondes nie. Hy tug ons! In 12: 6 staan: "die Here tug die wat Hy liefhet." Wat is hierdie tug? Dit is wat ouers met kinders doen wat die ruite stukkend gegooi het, die bakkie gerol het en die plaas afgebrand het. Pa sal sê: "Jy sal nooit weer my bakkie bestuur nie, behalwe as

ek saamry”, of “Jy sal nooit weer vriende op die plaas uitvat en met hulle gaan kuier op die plaas nie”, of “Jy sal vir twee maande lank nêrens heengaan na jy die ruit uitgegooi het nie.” Hierdie is glad nie straf vir saakbeskadiging, diefstal en brandstigting nie. Dit is tug! Die werklike verskil tussen straf en tug word in hoofstuk 10: 10, 14 só gestel: die Here se offer maak ons vir God se liefde en diens heilig en volmaak. God verbind jou weer aan jou liefde en diens en vir Hom as God. Ten spyte van al jou foute en gesukkel daarmee, laat Hy jou DIENS vir Hom volmaak wees. Straf maak dat jy NIKS vir God mag doen nie. Deur te straf maak God dat mense se lewe vir Hom waardeloos en nikswerd is! Daarom stel God nie in ongelowiges se gehoorsaamheid en liefde belang nie, want hulle mag niks met hul lewe vir Hom doen nie. Net soos mens se lewe in ’n tronk nikswerd is en hul niks daarmee kan doen. Omdat Christus eens en vir altyd, alle straf vir alle sonde van ons (gelowiges) weggeneem het, maak God dat ons lewe vir en met Hom weer vir hom volmaak is. Hy kriminaliseer ons nooit vir ons sondes nie. Hy vat alle straf weg. Dit is wat die Here met ons doen deur ons sondes te tug! Hy hou ons vas binne ’n lewe waarin Hy ons gehoorsaamheid, liefde en toewyding vir Hom volmaak en heilig laat wees. Dit is die betekenis van die woord “straf” in Hebr 12: 6. (Hier, spesifiek in Hebreërs is "straf" tug, andersins beteken straf dat jou lewe nikswerd is nie.) Hier beteken "straf" nie om ’n offer te eis en te vra nie, maar om jou te "bestraf" om weer jou lewe vir en met God te leef. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za
Ds. Petrus

Vrydag

Heb. 9: 26, 10: 1 – 4; 9, 10 – 15, 18, 12: 5 – 13. Teks Heb. 10:10. Tema: "Christus neem alle straf en offers vir ons sonde weg sodat ons kan wees en doen waarvoor Hy ons gemaak het." Gelowiges kan hulle self nóóit self straf vir hul sonde teen God nie! Maar... die nuwe spiritualiteit van die geestelikes van hierdie wêreld wil altyd God se priesters wees wat mense leer om hul self vir God te offer vir hul sonde! Hulle leer hierdie selfstraf só:

- * “Jy moet jou lewe en hart vir God oorgee want jy het dit opgemors!”;
- * “Jy moet ophou om self vir God te leef,
- * “Jy moet leeg word van jouself, jou eie-ek kruisig en doodmaak en niks word vir God en jouself niks maak vir God.”

Wat noem die Bybel hiêrdie geestelike daade? Watter daade? Dit: Jy moet niks met jou lewe doen nie en jou self en jou eie lewe nikswerd maak? Maar hiêrdie daade kan nooit ’n ware bekering genoem word nie. Hierdie daade is die straf op sonde en die offer vir sonde! En dis mos presies die straf van iemand in ’n tronk! Jy mag nie meer jou eie lewe leef, jou lewe waardevol maak en iets van jou lewe maak nie. Die straf wat jy so moet uitdien is dat jy en jou lewe niks is nie, en jou jammer-wees en beloftes van liefde is niks werd nie. Dít kan nie maak dat jy weer iets van jou lewe kan maak nie. Jy is en bly niks bly steeds in die tronk! Dit is wat al die skelm geestelikes van hierdie wêreld met ons as gelowiges wil doen. Ons moet onself straf en die offer vir sonde vir God bring, en dan op een of ander mal wyse maak asof dít ons bekering van sonde is! Om jouself te straf vir jou sonde, kan nooit

bekering van sonde wees nie! Bekering van sonde is om juis te glo dat God één offer één keer gebring het deur sy Seun sodat Hy my van alle straf vir altyd vrymaak. In hiërdie geloof kan ek bekeer en dis die enigste (ware) bekering: ek kan jammer wees en liefdevol weer gehoorsaam wees omdat God my vir eens en vir altyd 'n lewe saam met Hom volmaak en heilig laat wees deur Jesus Christus se offer (en nooit meer of weer my offer nie!) Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus.

Saterdag ekstra

Heb. 9: 26, 10: 1 – 4; 9, 10 – 15, 18, 12: 5 – 13. Teks Heb. 10:10. Tema: "Christus neem alle straf en offers vir ons sonde weg sodat ons kan wees en doen waarvoor Hy ons gemaak het." Geestelikes laat jou vir altyd aanhoudend betaal en offer vir jou sondes met sogenaamde bekerings wat nooit sondes kan wegvat nie! 'n Skelm en bedrieër probeer altyd met 'n halwe waarheid jou op die verkeerde pad vat. Dit is presies wat al die skelm predikante, pastore en priesters vandag mee besig is! Hulle mislei ons deur 'n halwe waarheid van die evangelie. Daarom preek hulle só: "God vergeef ons uit genade alleen, alles is net genade. (Dis die halwe waarheid) Maar... jy moet God se genade ook darem aanvaar. En die manier waarop jy God se genade moet aanvaar is: "Jy moet jou lewe vir God oorgee, jou eie-ek kruisig en doodmaak, en niks wees en leeg word vir God." (Dis die leuen.) Kyk hoe skelm is hulle:

Hulle sê éérs alles is genade, en dan dink jy dit is die evangelie waar God alle straf vir altyd weggevat het, maar

dán verklaar hulle jy moet jouself straf vir jou sonde om God se genade te kan kry! Want om jouself niks te maak en vir God niks te wees nie, is mos presies die offer vir sonde! Maar dis die offer wat Jesus reeds gebring het!

Die verskriklike mag van hierdie dwaling is dat wanneer jy eers eenkeer met hierdie selfstraf en selfoffers begin het, kan jy nooit weer ophou nie. (Heb. 10: 1 – 4) So mislei hierdie skelms ons al vir jare.

Dit het in die Weskaap só begin:

1. "As ons net die offer bring om nie meer self die land te wil regeer nie, maar die land aan God oor te gee, sal ons vrede, geluk en vryheid kry. Toe dit nie werk nie, toe word dit:

2. "Julle moet bely dat julle sonde die rede is vir al die moeilikheid wat nou gekom het. ",

3. en nou is dit: "Julle moet julle plase laat vat sonder vergoeding omdat julle sonde gedoen het."

Sien jy: dis offers waarmee jy lewenslank moet aanhou en tog nooit sondes kan wegneem nie! Dit het 'n hele geestelike besigheid vir geestelikes word! Daarteenoor. Gelowiges bring nóóit weer offers vir sondes na die Here se één offer nie. Want God straf ons nooit nie maar tug ons om met Hom te leef! Preek beskikbaar op ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus.